

# Die Voorgeskiedenis van die „Ou” of Utrechtse Republiek, 1840 — 1856

Deur  
DR. B. R. BUYS

## I. INLEIDING

DIE navolgende indeling kan help om 'n kursoriese perspektief te verskaf van die algemene ontwikkeling wat die Natalse dorpie, Utrecht, ondergaan het en sal 'n begrip gee van die chronologiese plek, in die kader van die hele geskiedkundige „evolusie” van Utrecht, waaroor hierdie artikel gaan (5.1-8)\*:

- (1) Die voorgeskiedenis van die „Ou” of Utrechtse Republiek:
  - (a) Aanleidende faktore of gebeure, 1840 — c.1850;
  - (b) Die tydperk van die „Buffeltrievier Maatschappij”, c.1850 — 1853.
  - (c) Die Balelesbergse bestuur of „staatjie”, 1853 — 1856.
- (2) Die periode van die Utrechtse of „Ou” Republiek, 1856 — 1858.
- (3) Die tydperk toe die Utrechtse Republiek met die Lydenburgse Republiek verenig was, 1858 — 1859.
- (4) Die Utrechtse Republiek as distrik van die Zuid-Afrikaanse Republiek onder die benaming „Utrecht Distrik”, 1859 — 1902.
- (5) Die Utrechtse Distrik as deel van die Natalse Kolonie, 1902 — 1909.
- (6) Utrecht na Unifikasie, 1910 e.v.

Verder nog die volgende: Eerstens bestaan daar nog onsekerheid omtrent sekere punte, o.m. in verband met die nomenklatuur. Byvoorbeeld: Is die benaming „Ou Republiek” sedert die ontstaan van die eerste bestuur gebesig, nl. in c.1853, of is dit ook 'n ander benaming van die Utrechtse Republiek wat vanaf 1856 tot 1858 bestaan het? Was eersgenoemde nomenklatuur gebruik eers na die stigting in 1882 van die buurstaatjie, De Nieuwe Republiek, met die doel om tussen die twee te onderskei? Dat die term „Ou Republiek” vir die Utrechtse staatjie bestaan het, volgens die ou „garde”, is nie te betwyfel nie. Wat dit nog moeiliker maak om die gapings in die geskiedenis van genoemde dorp, Utrecht, te vul, is die feit dat die sg. Utrechtse „Archiefpapieren”, volgens Goldman, tydens die Engelse Oorlog van 1899 — 1902 deur brand vernietig is en derhalwe „so goed as nie bestaan nie” (13.33, 35). Tweedens moet daarop gewys word dat hierdie artikel eintlik geskryf is met die doel om sekere oorlewerings van ou mense, waarvan sommige nou reeds oorlede is, maar wat tydens skr. se eerste navorsing nog in lewe was, in bewaring te hou (vgl. 23).

\* Die eerste syfer dui die nommer van die werk of dokument, wat geraadpleeg is, in die Naslaanbronne aan, in hierdie geval nr. 5; die syfer/s na die punt dui die bladsy/e aan, hier p. 1 tot 8.

## II. DIE VOORGESKIEDENIS

### (1) *Aanleidende faktore, 1840 — c.1850:*

Na die anneksasie in 1843 van die Republiek Natalia het sowat eenderde van die Voortrekkers in Natal agtergeblev. 'n Hele aantal van hierdie Boere het hulle egter tussen die Tugela en Umzinyati (Buffelsrivier) gaan vestig. Hierdie nuwe intrekkers was egter onbewus van die ooreenkoms wat Cloete in September 1843 met 'Mpanda aangegaan het waarvolgens die Zoeloekoning die betrokke gebied reeds aan die kroon afgestaan het. 'Mpanda het egter in 1847 weer hierdie gebied aan die Boere teen Rds. 1,000 afgestaan, want laasgenoemde wou daar 'n onafhanklike staatjie tot stand bring. Van hierdie transaksie het die Natalse luitenant-goewerneur te hore gekom. Hy het toe dadelik 'n proklamasie uitgevaardig, „waarin hy beloof het om hulle (die Boere se — skr.) onafhanklikheid te erken op voorwaarde dat hulle die eed van getrouheid aflê“. Oor hierdie nuwe wending van sake was die Boere baie ontevrede. Etlike van hulle het toe oor die Drakensberge getrek, terwyl ander weer net oor die grens, t.w. die Buffelsrivier getrek het (4.215, 216; 9.214).

Die Boere het dan ook in dieselfde jaar, t.w. in 1847, 'n aantal van hulle eie mense onder een Cornelis J. van Rooyen, in die omgang as Dik Cornelis bekend, na 'Mpanda gestuur om toestemming van hom te verkry, wat hy ook gegee het, om enige stuk grond anderkant en ten ooste van die Drakensberge, wat nie deur sy eie mense bewoon is nie, te gaan bewoon (23.b; 13.32). Hierdie landstreek het tussen die Bloed- en Buffelsrivier gelê en is sedertdien ook bekend as die Buffelsriviergebied. Die nuwe nedersetters hier is deur die Z.A.R. later as die „Buffelsrivier Maatschappij“ aangedui (13.32 e.v.; 20). Teen 1848 was daar reeds 'n aansienlike aantal mense wat hulle veral langs die bolope van die Buffelsrivier gevestig het (4.218; 10; 2.172; 13.32, 153; 18.161). Hierdie gebied was reeds deur Chaka skoongemaak maar nooit deur die Zoeloes self bewoon nie. Eintlik het hierdie streek reeds in Februarie 1840 deel van die Republiek Natalia geword. Verder was so 'n toestemming nie eintlik nodig nie, aangesien dit, nadat Dingaan verslaan is, wettige eiendom van die Voortrekkers geword het (6.325). Die grense van die gebied van die Republiek Natalia is toe vasgelê as die gebied tussen die Umsimvubu en die Swart Umfolozi en van die Drakensberge tot aan die see (10; 30.186), terwyl die van Zoeloland noord daarvan tot aan die Swart Umfolozi geleë was (Die sg. 'Mpandaklippe wat in die Pietermaritzburgse Voortrekermuseum te sien is, getuig hiervan) (30.186). Na die anneksasie het 'Mpanda dus nog die reg gehad om daaroor te beskik. Tydens die tweespalt tussen 'Mpanda en Putini was dit tewens ontvolk (10; 19). Terloops: hierdie gebied wat ten ooste van die Bloedrivier lê, is later deur die Britte aan die Basoetoe's gegee omdat laasgenoemde die Britte in die Zoeloe-oorlog van 1879 gehelp het (23.f).

Onder hierdie Buffelsriviergelede nedersetters was drie manne wat later, en wel in 1854, bestem was om die grondleggers van Utrecht te word (2.172; 13.54). Die een is Andreas Theodorus Spies aan wie voorheen grond langs die Sondagsrivier toegesê was (14.149). Hy het byvoorbeeld reeds in 1840, as kommandant van die Natalse Volksraad, versoek dat 'n kommando teen „die Boesmans van

die Drakensberge" gestuur moet word (14.215). In 1848 het Spies weer saam met 'n aantal medeburgers van Weenen en van die Kliprivierdistrik verder noordwaarts na die onbesette hoëveld getrek om onder die juk van die Engelse weg te kom (14.149).<sup>(1)</sup> Spies is voor 1852 weer Natal toe. Die tweede lid van die driemanskop was Dik Cornelis (Cornelis J. van Rooyen). Laasgenoemde was van groot waarde vir die Boerevolk omdat hy baie invloed by 'Mpanda gehad het, onder meer omdat hy die Zoeloetaal goed kon praat en omdat hy die persoon was wat 'Mpanda gesalf het (10). Hy was reeds teen 1841 in Natal gevestig (4.215; 11). Die derde stigersvenoot, t.w. Johannes Christiaan Klopper, het blybaar vroeër as Spies Transvaal toe getrek aangesien die oorkondes toon dat hy in 1845 lid van die Volksraad in Ohrigstad was (21.28). Klopper is in 1847 ook as een van J. J. Burger se afgevaardigdes aangestel om met die verteenwoordigers van die Potgieterparty te onderhandel (4.215). Klopper moes dus hierna, en voor 1852, weer na die Buffelsriviergebied teruggetrek



Kmdt. A. T. Spies, een van die drie stigersvenote van die Utrechtse gebied, en die eerste landdros van die Utrechtse Republiek, 1854-1858.

het. 'n Z.A.R.-kommissie van 1852 onder kmdt. Visser, wat 'n ewigidurende vredesonderhandeling met 'Mpanda moes aangaan, het tewens ook gemeld dat hy met die Buffelsriviermense, en onder andere met Klopper, in aanraking gekom het (4.218).

#### (2) *Die tydperk van die „Buffelsrivier Maatschappij”<sup>(2)</sup> c.1850 — 1853:*

Intussen het Spies en Klopper, wat nog in Transvaal was (voor c.1852), volgens 'n sekere oorlewing, gerugte van die aanloklike „land van melk en honing” verneem — soos sommige na die Buffelsriviergebied verwys het. Klopper het toe besluit om Ohrigstad te verlaat en het toe voor of gedurende omstreeks 1852 in Natal aangekom. Hierna het hy Spies en ander Boere van die

(1) Spies het 'n tydlank op die plaas „Noodshulp”, naby Pretoria (Steelpoort) gewoon en later het hy hom op Lydenburg gaan vestig. Klopper het op die plaas „Rhenosterpoort”, wat aan Spies se plaas grens, gewoon (23.b.).

(2) Die Z.A.R. het sulke Boeregemeenskappe, wat hulle op geïsoleerde plekke gevinst het, met die term „maatschappij” aangedui. So was daar destyds die „Ohrigstad Maatschappij” e.a. Dit was, terloops, die strewe van die Z.A.R. om hierdie „maatschappije” metterwoon te vereenig onder 'n „Vereenigde Bond van het geheel Maatschappij aan deze zijde de Vaalrivier” (13.32, 152, 153, 155; 4.54, 55).

Transvaal gaan ompraat om ook Natal toe te trek. Onder meer het P. W. Jordaan, wat later in die Utrechtse geskiedenis ook 'n belangrike rol gespeel het, ook Balelesgebied toe getrek (19: 10).<sup>(3)</sup>

Die Umzinyatimense het al dadelik moeilikheid met die Z.A.R. ondervind en 'n toestand het ontstaan wat hoe langer hoe meer spanning tot gevolg gehad het. Hier moet eers gemeld word dat die Z.A.R. reeds op 20 Augustus 1852 by wyse van 'n verdrag die gebied tussen die Drakensberge tot aan Bloedrivier van 'Mpanda gekry het met die doel om later 'n seeweg te verkry. 'n Groot gedeelte van hierdie landstreek was toe reeds deur die emigrante bewoon (4.218) wat voorheen deur die Z.A.R. reeds verbied is om hulle hier te vestig huis omdat die Z.A.R. self nie seker was aan wie hierdie gebied toe eintlik behoort het nie. Hierdie verbod het die Buffelsriviergebied omgekrap, want hulle het reeds so vroeg as 17 Januarie 1852 — 'n ander bron meld 1850 (4.54) — die gebied oos van die Buffelsrivier vir 300 beeste van 'Mpanda geruil (23.e; 10; 5.1-2). Hierdie transaksie is deur Spies, Klopper en Van Rooyen met 'Mpanda aangegaan huis om moontlike latere moeilikhede te voorkom — aldus 'n oorlewering. Die onderhandeling het maklik verloop veral omdat 'Mpanda vir Van Rooyen geken het en vertroue in hom gehad het. Die President van die Z.A.R. het toe ook 'n proklamasie op 27 Desember 1852 uitgevaardig waarin hy sekere sake onder die aandag van die emigrante van die „Zola contrijen“ bring, onder meer dat die Buffelsriviergebied van die Zoeloës nog nie vir bewoning oopgestel is nie en „zoo word door deze proclameert dat niemand wie hij ook zijn geregtig zullen zijn op gronden die nog door hoger gezacht niet open gezet zijn“ (4.54). Die redes vir die verbod soos uit genoemde proklamasie blyk, was om „... ongenoegen van de nabuурige stammen te vermyden en ook het ongenoegen die zelfs nou ontstaan door onvoorzichtige(i)d met het Britsch gouvernement ...“ (4.219). Die Z.A.R. was met ander woorde bang dat die emigrante moeilikhede met die Zoeloës en met die Britte sou ondervind, wat dan die Z.A.R. *ipso facto* daarby sou betrek. Hierdie vermoede was nie so ongegrond as wat miskien algemeen gedink is nie. Byvoorbeeld: Zoeloestrooptogte het kort-kort plaasgevind. Die Zoeloës was baie inkonsekwent

(3) Die volgende oorlewering bestaan i.v.m. Klopper en Spies se trek na Natal toe (23.b, c; 10; 19):  
Klopper het deur die Vrystaat getrek. By Kwekspruit (naby die huidige Utrecht) aangekom, moes hy die drift by 'n sekere plek deur waar hy toe 'n pad deur moes grawe. Hierdie taak het hy aan November, 'n Portugese baster wat hy saam met hom van Ohrigstad gebring het, opgedra. Hierdie drift is sedertdien bekend as Novembersdrif. Die plaas waarop Novembersdrif geleë is, aldus die oorlewering, is aan November geskenk wat dit toe later vir 'n bottel jenewer verruil het! Die Kloppertrek het nou 'n ruk lank oorkant Novembersdrif laer getrek, terwyl Klopper eers na Van Rooyen op Olifantshoek gegaan het, om hom oor te haal om by hom aan te sluit. Hierin het Klopper geslaag. Klopper is toe Lydenburg toe waar hy Spies oorreel het om na die Buffelsgebied te trek. Klopper was, aldus die medeling verder, die eerste witman wat die huidige Burgerspas oor is (sowat drie myl ten noorde van Utrecht). Volgens 'n ander oorlewering is Van Rooyen saam met Klopper Steelpoort toe (23.c). Hoe dit ook al sy, Spies en ander, o.m. P. W. Jordaan en sy gesin van Steelpoort, is ook oorreel om Natal toe te trek. Jordaan is later (in 1869) kommandant van die latere Utrecht. Van die Jordaan word weer vertel (10; 19) dat hulle hulle op 'n plaas, wat hulle „Berouw“ genoem het, en waarop die kleinseun, Louis Jordaan, vandag nog woon, gevestig het (sowat drie myl ten weste van die huidige Utrecht). Jordaan het die stuk grond „Berouw“ genoem omdat hulle berou gehad het dat hulle uit die Transvaal getrek het daar die Buffelsriviergebied nie so 'n paradys was as wat vir hulle voorgeskilder was nie. Op hierdie plaas is ook later Utrecht se feeshuis gebou wat vandag nog vir daardie doel gebruik word. Die spoorweghalte, Berouw, is ook daar gebou (5.18).

In verband met die Spiestrek word vertel dat Spies bo Burgerspas op 'n plekkie wat toe Wonderboom genoem is, tydelik laer getrek het, terwyl hy eers 'n pad bergaf gemaak het. Hy is ook die eerste witman wat Burgerspas af is (23.c). By Kwekspruit het hy dan ook by die Klopper- en Van Rooyentrekke aangesluit. Hiervandaan is hulle toe saam na 'n terrein naastenby waar die huidige Utrechtse Sekondêre Staatskool vandag staan. Dit wil verder voorkom of hulle hulle hier tydelik gevvestig het en dat hulle hier alle gemeenskaplike sake bespreek het. Die eie-restaurant was dan blybaar voor of gedurende 1852 gekies, in elk geval voor 1853 (kyk verder ondertoe).

en daar was later gedurig onluste van hulle kant. Hulle het ook by die Natalse regering gekla dat die Boere hulle van hulle grond beroof het (4.216; 10). Van Engelse kant het ook die klagte gekom soos onder meer afgelei kan word uit 'n skrywe van die Natalse luitenant-goewerneur wat in Junie 1853 aan die emigrante gerig was. Die nedersetters is hierin naamlik verwittig dat hulle nie die reg gehad het om in die Buffelsrivierstreek te woon nie (4.219; 2.172, 173; 13.32). Dit wil dan voorkom of die Z.A.R. geregty was op die onsekerheid aangaande wie die eienaar van die Umzinyatigebied nou eintlik is vandaar dat hulle emigrante van hulle ontevredenheid in kennis gestel het (4.220). Die „Buffelsrivier Maatschappij” het egter hardnekkig in die Umzinyatistreek bly woon, niteenstaande herhaalde waarskuwings van die kant van die Z.A.R. Dit is dan ook geen wonder dat sommige die emigrante toe as 'n „weerspannige klomp” bestempel het nie (20).

### (3) *Die Balelesbergse bestuur,<sup>(4)</sup> c.1853 — 1856:*

Die bewoners van die Buffelsrivier- of Balelesgebied het reeds voor of gedurende 1853 'n soort selfbestuur in die lewe geroep om sake rakende hulle verblyf en algemene beheer daar te behartig (13.32; 2.172, 173). Die ontevredenheid van die Z.A.R. het dan ook een van hulle vernaamste probleme geword wat die spanning al hoër laat laai het, veral toe sekere enkelinge ook by wyse van klagtes nog meer kole op die vuur gegooi het. So het byvoorbeeld ene G. R. van Rooyen, 'n inwoner van Mooirivier, 'n brief d.d. 1 Maart 1853 aan kmdt.-genl. A. W. J. Pretorius geskrywe waarin hy meegedeel het dat „... enige perzonen zich in het Buffel Rivier gevestigd hebben” en „... dat rijkelik mense over Bufvelrevier gaan en neem al de beste plaatse weg die niets tot de grond gedaan heef en niets welle doen verlaat hulle plaatse hier en gaan over Bufvelrevier” (11.7; 4.54, 222). Op 6 Desember 1853 stel weer ene J. van der Schyff die Volksraad in kennis van persone in die Buffelsriviergebied wat „zich self een gezag aanmatigende, strydig met de wetten dezer Republiek”. Na hierdie klagtes het die Volksraad besluit om die emigrante „... aanteschrijven en te beletten geen bemoeienissen hoe ook genaamd te maken met de gronden aldaar, nog eenig gezag van outority aan te matigen ...” sonder die toestemming en medewete van die Volksraad (4.55, 222). 'n Soortgelyke protesbrief is ook op 6 Desember 1853 deur C. Potgieter geskrywe ('n neef van hoofkmdt. A. H. Potgieter en voorsitter van die Ed. Volksraad van die Z.A.R.) gerig aan „... Philip Koch en de overigen bewoners van die omstreken der Buffelsrivier” met die volgende inhoud (13.32; 2.172, 173; 11.7; 4.55, 222; 21.124): „Tot ons leedwezen hebben wij vernomen dat gij u gevestigd hebt op gronden van welke het u even als ons onbekend is onder welke staat of gouverment zij behooren of komen zullen en noch meer door dien wij vernomen

(4) Die Balelesberge is 'n vername bergreeks in die Buffelsriviergebied en maak 'n soort kettingreeks van noord na oos, om Utrecht, uit. Hierdie bergreeks is na die opperhoof van die Amahlubistam, Langalibalele, vernoem, wat later lewenslank verban is maar weer in 1886 toegelaat is om na Natal terug te keer. Hy is in 1889 oorlede (30.31). Die emigrante, oor Balelesbergers genoem, het hulle vergaderings gewoonlik aan die voet in die kom van die Balelesberge gehou (5.17). Die Buffelsriviergebied word in die verslae ook soms die Balelesgebied genoem. 'n Sekere oorlewing wil dit hé dat die kerkplaas later (die plek waar kerk en gewoonlik ook vergaderings gehou was) op grond wat later Schoonstroom genoem is, geleë is; 'n ander meedeling meld dat dat die kerkplaas Waaihoek was (5.19). Die waarheid is waarskynlik dat die kerkplaas Vredenhof was (11.8).

dat gij voor u zelven op u eigen gezag een regeringsvorm opgerigt hebt, en bemoeijingen met de rondom u wonende kaffernatien maakt waardoor het blykt dat gij u als een geheel onafhankelijken staat beschouwd, en daarom rekenen wij het onze pligt te zijn om u te vragen met welk regt en wiens order gij zulke verregaande stappen durft nemen. En wenschen te weten onder welke gezag of gij vermeent dat bij het maken en vaststellen der grenslijn volgens de onderhandeling van 17 Januarie 1852 die gronden zullen komen, want doordien wij voor ons noch geheel onbekend zijn of die gronden onder ons of het Britsche Gouvt. gezag zullen komen, willen wij weten wat of uw bedoelen is en stellen u dus geheel verantwoordelik voor u gedrag en handel in dezen zaak, daar wij ons geheel onverantwoordelijk houden voor u gedrag en handel. En zekerlik zult ge, hoe de grenslijn ook bepaald mogen worden, eenmaal aan God en uwen aardschen regter rekenschap moeten geven van uwen handelwijzen in deze zaak, welke wij niet anders beschouwen kunnen als oorzaak te zullen zijn en worden van groot ongenoegen of onder ons zelven of tusschen ons en het Britsche Gouvt. Wij hoopen dat gij allen dit zult inzien en terug zult keren van uwen verkeerde weg en geen oorzaaken zult willen zijn, van verbreking der bestaande vrede en eensgezindheid. Wij hopen spoedig antwoord van U Ed. te ontvangen op dezen.”

Die Balelesbergers was verslae oor hierdie brief en oor die houding van die Z.A.R. Hulle het „ . . . so een schandelyke brief” nie goed verstaan nie „in wij wil ons van de blaam suiijwer” veral met die oog op die feit dat hulle die betrokke gebied op 17 Januarie 1852 vir 300 beeste van 'Mpanda gekoop het (4.219, 220). Die spanning het derhalwe toegeneem en die emigrante het die Raad toe om 'n onderhoud versoek. Die eerste poging tot versoening het dan van die kant van die nedersetters gekom wat in 1853 of vroeg in 1854 ene A. Stander met 'n opdrag afgevaardig het wat aan „de Edele Raad” voorgelê moes word. Hierdie sending het egter misluk omdat Stander nie in ooreenstemming met die wens van die emigrante gehandel het nie (4.222). Die sg. Balelesbergse „staatjie” was dus nog steeds nie deur die Z.A.R. erken nie en die spanning het bly voortbestaan.

#### *Die 'Mpandagebied geruilkoopt, 1854:*

Die Balelesbergers het, veral na die reeds genoemde protesbrief van C. Potgieter van 6 Desember 1853, nog onrustig gebly. Die emigrante het weldra verneem dat pres. A. W. J. Pretorius gedurende 1854, 'n konseptraktaat deur 'Mpanda laat onderteken het deur bemiddeling van Van Rooyen. Die president kon nie self teenwoordig wees nie maar het laat weet dat hy later met 'n kommissie sou gaan om grondgebiedsake met 'Mpanda te bespreek. Op hierdie kommissie het die nedersetters dus hulle hoop gevinstig, maar het tevergeefs daarop gewag. Hulle het toe besluit dat dit veiliger sou wees om nie langer te wag nie, maar om die grondgebied van die Buffelsrivier van 'Mpanda te ruilkoopt. Buitendien is die ruilkoopt van die gebied oos van die Buffelsrivier wat op 17 Januarie 1852 vir 300 beeste aangegaan is (hoërop genoem), nie deur sekere Boere erken nie omdat dit dan mondeling geskied het. Die transaksie is selfs deur sommige as grondroof bestempel (22.e, f; 3.1-2;

5.1-2; 10). Die emigrante het derhalwe 'n afvaardiging na 'Mpanda in 1854 gestuur bestaande uit dieselfde driemanskap Spies, Klopper en Van Rooyen saam met P. W. Jordaan en J. G. Herbst met die doel om dié keer 'n skriftelike transaksie met 'Mpanda aan te gaan. Hierdie afvaardiging is toe voor of gedurende September 1854 met 100 beeste na die koningstad Doemazoela waar die onderhandelinge op 8 September 1854 deurgevoer is.<sup>(5)</sup> (Kyk foto-afdruk.)

Die koopbrief is geteken deur J. C. Klopper, C. J. van Rooyen en A. T. Spies. As getuies het P. W. Jordaan en J. G. Herbst asook Mapokojana (kyk kruisie) geteken. 'Mpanda het dit met 'n inkstreep bekragtig. Die koopbrief lui soos volg (vgl. foto-afdruk van „Origineel Tractaat“) (24):

Doumazoila 8 September 1854.

By deze neemd U de Staad der vryheid by myn outhoriteitid Panda Koning der Zoilas dat ik een deel van myn gronde ver handelt heeft aan de onder geteekende Emigranten voor een hondert beeste het welke ik op Datom deser als contant ont vangen heeft te sigge dei gronde hieronder vermeld als een Eewig deurende Eigendom der emegrante.

De merk betekende de  
Naam Panda.

De Lyn sal zyn alwaar bloit rifier en buffel rifier loop en langes bloit rifier op gronden langes de buitenste spruit op en onder de gebergtes langs alle open gronde die nu niet door Pandas Kaffers bewoond is tot aan de ronde kop tussehin de twee spruiten van Pongola en vast aan de lyn der vrije Republiek en alle in geslote gronde tot aan de Britsche lyn.

Als getuëgin

P. W. Jordaan  
J. G. Herbst

J. C. Klopper  
C. J. van Rooyen  
A. T. Spies

(5) Oor hierdie rit na 'Mpanda skrywe die kleinseun van Spies, t.w. mnr. L. J. Spies, die volgende (22.e; 5.2, 14 — 21): „Wat betref die ekspedisie na Panda met 100 ruilbeeste . . . : komdt. Spies en Christiaan Klopper het saam met die 100 beeste en die naturel Stuurman uit Transvaal tot by Stuurmansdrif (Novembersdrif-skr.) gekom, waar komdt. Spies toe gewag het volgens afspraak, terwyl C. Klopper na Mooirivier is om Cornelius van Rooyen te kry om volgens afspraak mekaar dan by die warmbad van Tabankoeloe te ontmoet, van waar hulle toe saam na Panda is om die ruil van die grond te bewerkstellig, en soos bekend, het dit ook geskied.“

Oor die rit na Doemazoela is daar nog die volgende interessante oorlewing (23.b): Die driemanskap, t.w. Spies, Van Rooyen en Klopper en hulle geselskap, nl. P. W. Jordaan en J. G. Herbst is op pad na Doemazoela deur swaar weer by Swart Umfolosi vasgekeer. Hulle het derhalwe 'n rukkie by die stat van Umtshamana vertoe. (En terloops: die Spiesafvaardiging was die eerste witmense, aldus genoemde oorlewing, wat in die Swart Umfolosi se warmbad gebaai het.) Umtshamana het hierdie Boere vriendelik en gasvry onthaal en het onder meer 'n os vir elkeen geslag: Vir Kininees (Cornelis) het hy 'n rooi os geslag wat vriendskap gesimboleer het. Dit was die gewoonte by die Zoeloës om vername manne op hulle name te noem en om nie Zoeloename aan sulke persone te gee nie. Vir Kilisjane (Christiaan Klopper) is 'n wit os geslag wat beteken het: nou is daar vrede; vir Andries (Andreas) is weer 'n swart os geslag wat „Iphelile impi“ beteken het, d.w.s. nou is die oorlog dood (verby). Na afloop van hierdie soort ritus het Umtshamana saam met hierdie groepie Boere na Doemazoela afgesit. Daar aangekom moes hulle, volgens die gewoonte van Zoeloekonings, 'n dag of wat wag, sodat die koning 'Mpanda hom vir die besprekings kon voorberei. Die ruilkoopt-onderhandelings is toe deurgevoer.

Aldus gedaan en bekragtig op Datum dezer.

De merk betekende  
naam Mapokojana.

Die driemanskap en hulle metgeselle is nou terug. 'Mpanda het egter aan elkeen 'n matjiesdraer gegee om hulle te vergesel, t.w. Mapanjana (Klopper se agterryer), Mapokojana (vir Spies) en Stuurman (Van Rooyen se agterryer).<sup>(6)</sup>

Vermoedelik het 'Mpanda ook twee kapteins saamgestuur, t.w. Koengeen en Kaboel wat saam met P. W. Jordaan die grense moes bepaal „ . . . deur die nek van die berg Zuinguin". 'Mpanda het sy vertroude hoofman, t.w. Stuurman „aangestel om hom te verteenwoordig by die toekenning en afbakening van please aan die Boere" (10; 19). Daar is hierna op „ . . . de aanleg van het

- 6) In verband met hierdie rit terug na die Buffelsriviergebied word die volgende vertel: Omdat die Boere nie soos die Zoeloes matjies gebruik het nie, het die geselskap afgevaardigdes die drie Zoeloes (hoërop in die teks genoem) maar as agterryers beskou, of as boodskappers tussen hulle en 'Mpanda. Die matjiesdraer, Stuurman, het hierdie naam van die Boere gekry omdat hy 'Mpanda se vertroude hoofman was wat hom by die afbakening en uitdeling van please van die pasgekopte grondgebied aan die emigrante moes verteenwoordig. Die oorlewering wil dit ook hé dat 'Mpanda 'n sekere mondelinge voorwaarde aan die driemanskap by die kooptransaksie gestel het, naamlik dat hulle aan hierdie vertroude hoofman van hom, t.w. Stuurman, „plaas in die middel van die gekoekte gebied moes gee. Die motief agter hierdie gebaar, so het sommige van die Boere destyds gevoel, was dat 'Mpanda vir Stuurman op 'n sentraalgeleë plek wou vestig sodat hy vandaa makliker spionwerk kon doen (10). Verder was die vermoede ook dat 'Mpanda die drie Zoeloes, onder die dekmantel van matjiesdraers, saamgestuur het om hom van al die bewegings van die Boere op hooge te hou, „want", het 'Mpanda gesê, „die witmense is net soos paddas: hulle spring altyd net vorentoe en nooit agtertoe nie". Hy was bang dat die Boere uiteindelik sy hele gebied sou inpalms (23.c).

In verband met Mapokojana bestaan daar ook 'n interessante mededeling (23.c). Laasgenoemde was na die dood van 'Mpanda in 1872 van die grootste hulp vir die gemeenskap van die Buffelsriviergebied (d.i. die latere Utrechters). Hy het gereeld boodskappe tussen die regering van die Z.A.R. en Cetywayo, seun en opvolger van 'Mpanda, gedra. So byvoorbeeld was dit sy gewoonte om, met 'n gestreepte volkombers wat om synek met 'n riem was was, op 'n drafstap die boodskappe af te lewer. Na so 'n aflewering was dit altyd sy gewoonte om eers by die weduwe Wessel Uys (moeder van die mededeelster, mej. Lettie Uys, wat nog in Utrecht woon) aan te gaan, op die vloer te gaan sit, ietsie te eet en dan sy koffie te drink — soos sy gewoonte was toe Wessel Uys nog gelewe het. Hierna het hy die groete van Klisjan, Andries en Dirk (kmdt. Swart Dirk Uys) oorgedra. Eers nadat hy die kinders ook gesien het, het hy dan weer verder gedraf-stap om nou Jan Uys (in die omgang ook bekend as Jan Gyselaar of Jan Port Natal) te besoek. Hierna het hy huis toe gegaan. Sekere koppies is vandag nog bekend as Mapokojana se Koppies ter nagedagtenis van daardie ou naturelleboodskapper. Mapokojana was 'n bekende figuur onder die destydse Utrechters.

Aan Stuurman is daar ook 'n verhaal verbonde. Na die periode van die Buffelsrivierse bestuur (c. 1853 — 1856) en teen die einde van die sogenaamde Utrechtse Republiek (1856 — 1859) het daar moeilikhede in verband met dieselfde Stuurman ontstaan. Hy het naamlik in 1859 aansoek om nog 'n plaas in die Utrechtse gebied gedaan. Soos wyle num. A. G. du Toit meedel (10), was daar destyds 'n wet waarvolgens iemand, wat 'n plaas ontvang het wat later te klein geword het, aansoek om nog 'n plaas kon doen. Indien die aansoek toegestaan word, moes die aansoeker dan self vir die meet en ander onkoste betaal. Die Boeregemeenskap was nie ten gunste daarvan om vir Stuurman, wat reeds 'n plaas tussen hulle gehad het, 'n addisionele plaas te gee nie en derhalwe het hulle hierdie saak na die regering verwys. Ons haal Du Toit verder aan (10; 19): „Omdat sy plaas tussen die van die Boere gegee was by die oorspronklike uitgifte, was die blankes nou nie geneig om hom nog een tussen hulle te gee nie en die saak is toe na die regering verwys. Dit is toe die antwoord van 'Mpanda: „Dit is duidelik dat in vroeër jare Stuurman gelyk gestel is met die burgers; dat as hy 'n plaas geneem het te na aan die van die blanke burgers, dit seker bekend was aan almal en dat dit toe die tyd was om te protesteer; dat dit nie van hom kon verwag word dat hy van die inspeksie van plaase sou geweet het nie en dit nou onmoontlik was om daarop terug te gaan; dat die goewerment nie vind dat daar 'n vonnis of aanklag op hom rus nie, waardeur hy sy plaas kan verbeur nie; dat die goewerment nou nie, net soos vroeër, hom sommer kan toelaat om 'n ander plaas te neem nie, maar ook ewe min kan toelaat dat die plaas wat vroeër aan hom beloof is en beloftes wat aan hom gemaak is, dat as sy plaas te klein word, hy nog 'n ander een kon kry nie — sonder wettige redes of geregeltelike vonnis van hom kan weggeneem word nie — daarom word nou besluit dat die inspekteurs van plaase hom 'n ander plaas sal toeken, waar dit moontlik is vir 'n kaffer om 'n behoorlike bestaan te maak, van die volle grootte, maar dat hy ook self vir die inspeksie sal moet betaal!."

Hierdie is 'n voorbeeld van die periodiese moeilikhede aan die kant van die Zoeloes waarmee die Boere destyds te kampe gehad het. Dit is onder meer ook opvallend hoe die Boerevolk destyds baie versigtig te werk gegaan het in verband met die opsetlike moedwillighede aan die kant van die Zoeloes, want die Boerevolk wou nie aanleiding tot vyandelikhede gee nie (10). Die plaas van Stuurman, wat Stuurmanskraal genoem is, is later opgesny. Vandaag is die plaas Stuurmanskraal, wat 'n deel van die oorspronklike is, die eiendom van 'n blanke en is sowat 'n nege myl ten suide van Utrecht naby Sandspruit enregs van die Utrecht-Vryheidspad.

land besloten . . . op 12 September 1854, en eenige dagen dus na de koop van de grond van Panda" (13.34). Die plase is dan op gebruiklikerwyse afgemeet deur dit te perd af te ry.

Die grense van die gekoopte Balelesgebied wat hierbo gemeld is, is nie duidelik genoeg aangegee nie en dit het dan ook later tot veel moeilikheid aanleiding gegee. Dit word ook beweer dat 'Mpanda die koop van 8 September 1854 nie as 'n verkoopstransaksie beskou het nie, daar hy die 100 beeste as 'n geskenk van die Boere beskou het omdat hy hulle toegelaat het om in vrede en vriendskap in die Umzinyatigebied te mag woon. Die emigrante aan die anderkant het dit weer as 'n wettige verdrag beskou (4.224). Goldman beskryf die grense soos volg (13.32): Van waar Bloedrivier in Buffelsrivier inloop tot aan Lynspruit; dan oor Kambula met Pivaan langs tot waar Pivaan in die Pongola vloeи; hiervandaan af verder op tot by die skeiding van die waters van die distrik „Marthinus Wessel Stroom” (die huidige Wakkerstroom) tot aan die Buffelsrivier en dan verder af na waar Bloedrivier daarin vloeи. Die noordelike grens was die suidelike grens van die Lydenburgse distrik. Die heer L. J. Spies skryf (23.e) dat die gebied „. . . gestrek (het) . . . van Rorkesdrif — dit is waar Bloedrivier en Buffelsrivier saamvloeи — met 'n reguit lyn ten ooste van die berg, waaronder Vryheid later aangelê is tot aan Pongola”. Op 18 Junie 1859 het president M. W. Pretorius met 'n kommissie die grenslyne self gaan vasstel (en terselfdertyd 'Mpanda oor 'n „havenplaats”, d.i. 'n weg na die see, gespreek). Hierdie kommissie het bevind dat dit wettig is om plase op hierdie gebied aan te teken, nl. „ten weste en ten ooste van Buffelsrivier en Bloedrivier, en ten suide van Wakkerstroom en Pongolarivier — grond wat ooreengekom het met die Utrechtse Distrik soos dit tot 1902 bestaan het” (2.172, 173, 231). Die grenslyn is egter ook na die Zoeloe-oorlog van 1879 gewysig (23.f). Cetywayo het die Balelesgebied weer later teruggeëis.

Op die vergadering van 12 September 1854 toe op die aanleg van die land besluit is, het die bestuur van die Buffelsriviergebied besluit om die Volksraad te laat weet dat „. . . grootte nadeel te weeg gebragt heef” en dat hulle „nú door dringende omstandigheid voor ons eigen veiligheid genoodzaak was ofe te gaan van Panda de landstreek van bloetrevier tot Poncola te ruil . . . ” (4.224). Hierdie besluit is geneem onder meer omdat die Balelesbergers tevergeefs op die besoek van die president gewag het (hoërop genoem). Die bestuur van die nuwe „staatjie” het die Volksraad verder laat weet dat hulle die koop aangegaan het nie omdat hulle „een ander maatschappij (wou op-) regten” nie, maar omdat hulle vry onder die Raad voel en dat hulle nou hoop dat die Raad aan hulle sou dink. Verder versoek hulle dat hulle optrede goedgekeur sal word en „mits hulle die plase wat uitgegee sal word, as hulle

eiendom ontvang en indien 'n plaas 'n koei of Rds. 20 sal kos, is hulle bereid om jaarliks 'n hoofgeld van Rds. 3 te betaal" (4.224; 3.40).

Die bestuur of „eenmansregering”,<sup>(7)</sup> wat na 1856 die Utrechtse Republiek genoem sou word, het ook nou dadelik 'n memorie opgestel wat deur J. C. Klopper, die eerste kommandant, en 16 ander burgers onderteken is. Hierdie memorie is, soos die gebruik destyds was, deur die landdros self, t.w. A. T. Spies, aan die Kommissieraadsvergadering op Lydenburg op 8 November 1854 ingehandig vir goedkeuring deur die Z.A.R. Die notule van laasgenoemde liggaam onder voorgenoemde datum lui soos volg (11.8; 4.224): „Ingekomen een memorie van af Baleelasberg geteekend door de Heer J. C. Klopper en 16 anderen perzoonen, ingeleverd door de Heer A. T. Spies als gemagtigde van genoemde persoonne, bekend stellende dat zij de landstreek van af de rivier Poncola tot de Bloedrivier van Panda geruild hebben en de goedkeuring van de Ed. Volksraad hierover verzoeken.”

Die Volksraadskommissie het na aanleiding van voorgenoemde brief van 8 November 1854 besluit dat hulle nie daarop kon reageer nie aangesien hulle nie oor genoeg inligting beskik het nie. Die mening onder die emigrante oor hierdie afsydige houding van die Z.A.R. was nou dat die Raad hulle kooptransaksie nie wou erken nie huis (miskien) omdat hulle gemeen het dat 'Mpanda voorheen (vroeër in 1854) feitlik reeds hierdie grond aan die Z.A.R. afgestaan het (1.158, 159; 4.224).

Met die oog op die soort senuwee-oorlog en onsekerheid (wat nog lank sou duur), het Spies self in ongeveer 1856, en kort voor die stigting van die hoofdorpie Utrecht, 'n soort persoonlike besoek aan sir George Clerk gaan aflê. Die juiste rede waarom Spies gegaan het, is nie bekend nie, maar die vermoede bestaan dat dit blykbaar gegaan het oor die grense van Zoeloeland en oor die vestiging van die Balelesbergers aan die Buffelsrivier in 'n poging om van die Britse owerhede erkenning van hulle vestiging daar te verkry. Hoe dit ook al sy, ons verneem dat Clerk hom aangeraai het om met luit.-goew. Pine van Natal in verbinding te tree (4.223, 224). Wat die uitslag was, is onbekend maar die vermoede bestaan dat hy nie in sy poging geslaag het nie.

Die „weerspannige mense” van die Buffelsrivierse Maatskappy het ten spyte van al hulle pogings nie daarin geslaag om hulle wettig gekoopte gebied erken te kry nie (4.224). Later sou dit amper lei tot 'n soort burgeroorlog en 'n hofsaak (32).

#### *Die Balelesgebied oopgestel:*

Nadat die grense ná 12 September 1854 te perd afgery was, is die nuwe Balelesgebied oopgestel en is plase aangeteken. Mense van elders het teen 1855 ook daarheen getrek onder meer 'n „vrij groote klomp menschen” uit Marico (4.54). Onder die nuwe bedeling kry ons onder andere name soos die volgende: F. du Plessis, J. P. Jordaan, J. Breytenbach, K. Engelbrecht, J. J. Bierman, J. I. Bezuidenhout. Volgens mededelings het elke familie 'n plaas op sekere

(7) So genoem omdat een man, t.w. A. T. Spies, wat die eerste landdros van die Ou Republiek was, die hele bestuur beheer het en as 't ware soos 'n president fungeer het.

voorwaardes kon aanteken, naamlik hulle moes benede om self die plaas permanent te bewoon en elke koper moes 25c as aantekengeld vir onkoste in verband met registrasie betaal; ook moes elke koper 'n bees betaal om by te dra tot die koopsom vir die 'Mpandagebied (13.34). Die stigtersvennote het elkeen 'n voorkeurplaas gekry: J. C. Klopper het „Schoonstroom” uitgesoek wat hy so genoem het omdat daar baie water op dié plaas is; A. T. Spies het „Goedehoop” en C. J. van Rooyen „Waaihoek” uitgekies (8).

Teen die einde van 1854 was daar reeds soveel mense in die Balelesgebied gevestig dat 'n gemeente gestig kon word. So vroeg as 1852 is al reëlings met ds. H. E. Faure, predikant van Pietermaritzburg, getref om na hulle geestelike welsyn om te sien. Op Saterdag, 19 November 1854, is daar toe op die plaas Vredenhof 'n gemeentevergadering gehou waarop die gebied se eerste kerkraadslede (Ned. Geref. of Herv. Kerk) gekies is. Nagmaal is die volgende dag gehou (11.8).

#### *Bestuur en ander sake.*

Soos gemeld het die Balelesbergers reeds voor of gedurende 1853 hulle eie bestuur of regeringsvorm, wat op die kommandostelsel gebaseer was, gehad. In 1854 was die bestuur soos volg saamgestel: A. T. Spies — Landdros, hierdie gebied se eerste landdros; J. C. Klopper — Kommandant en die eerste in hierdie hoedanigheid en C. J. van Rooyen — Veldkornet, ook die eerste. Hulle is deur heemrade bygestaan (8).

Hierdie bestuur of Hof van Landdros en Heemrade is dikwels ook beskryf as 'n eenmansregering omdat landdros Spies die hele bestuur se sake self en feitlik alleen behartig het. In die omgang is ook vertel dat daar eens op 'n tyd selfs 'n president vir hierdie staatjie gekies was — wanneer en wie is onbekend, alhoewel daar al die naam Van Staden genoem is. Maar niemand van die huidige ouer geslag is hieroor seker nie. Op 5 Junie 1855 is weer 'n nuwe bestuur gekies, vermoedelik dieselfde as die van 1854, wat dieselfde gebly het tot 8 Mei 1858 toe die Utrechtse Republiek met die Lydenburgse Republiek verenig het (13.34). Die Hof van Landdros en Heemrade het sowel regterlike as bestuurspligte vervul, terwyl die kerklike gesag by die kerkrade (ouderlinge en diakens) berus het (13.34). Dit is ook eersgenoemde bestuursliggaam wat op 15 en 16 Augustus 1855 besluit het tot die aanlê van 'n dorp (13.34), wat op 6 Maart 1856 by 'n Kerkraadsvergadering die naam Utrecht gekry het (11.9). Die Balelesgebied is dan ook vanaf hierdie datum bekend as die Utrechtse Republiek en (vermoedelik na 1882) is daarna ook verwys as die Ou Republiek. Die „Wetten in swang in de Z.A.R. van 1848 tot 1853” is in die nuwe „staatjie” toegepas. Bv.: wette wat oor naturelleweeskinders („apparenties”) handel, wette in verband met die verbod op handel in kruit, vuurwapens en perde met naturelle (13.34; 7), e.s.m.

So eindig die eerste fase van die veelbewoë geskiedenis van Utrecht en van die „weerspannige klomp” inwoners<sup>(8)</sup> van die Utrechtse of Ou Republiek.

(8) Skrywer hiervan sal *enige* inligting aangaande hierdie voorgeschiedenis (selfs daarna) van die Ou of Utrechtse Republiek verwelkom.

NASLAANBRONNE:

1. Argieffjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, dl. I. 1938.
2. Argieffjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, dl. II. 1941.
3. Argieffjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, dl. I. 1951.
4. Argieffjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, dl. I. 1959.
5. Buys, dr. B. R., onder redaksie van: *Utrechtse Eeuwesbrochure, 1854 — 1954*. Uitgegee deur Munisipaliteit Utrecht, Natal. 1954.
6. Cachet, F. L.: *De Worstestryd der Transvalers*. Amsterdam. 1882.
7. De Locale Wetten der Z.A.R. 1849 — 1885. T.1.
8. Distriksjoernaal, Utrecht. In die magistraatskantoor van Utrecht.
9. Du Plessis, dr. A. J.: *Die Republiek Natalia*. Annale van die Univ. Stell.
10. Du Toit, A. G.: „Zoeloekonings” — artikel in skr. se besit.
11. Du Toit, ds. F. G. M.: *Eeuwesgedenkboek van die Gemeente Utrecht, 1854 — 1954*. Caxtondrukkers, Bpk. Pretoria. 1954.
12. Eybers, G. W.: *Select Constitutional Documents Illustrating South African History, 1795 — 1910*. C. Routledge, London. 1918.
13. Goldman, F. L. A.: *Transvaal Archief. Beredeneerde Inventarissen van de oudste Archief-groepen der Zuid-Afrikaansche Republiek*. Pretoria. 1927.
14. Hattersley, A. F.: *More Annals of Natal*. Shuter & Shooter, P.M.B. 1936.
15. Indeks Staatscourant. T.16.
16. Indeks Staatscourant. T.16.
17. Jeppe, Fred.: *Transvaal Book Almanac & Directory for 1881*. Z.A.R. 179.
18. Jeppe, Fred.: *Transvaal Book Almanac & Directory for 1889*. Z.A.R. 180.
19. Jordaan, kmdt. P. W.: „Jordaandokumente” wat mnr. A. G. du Toit, wat in 1955 oorlede is, in 1939 van die seun van P. W. Jordaan, nl. mnrr. Louis Jordaan, van die plaas Berouw, Utrecht, gekry het. Hierdie dokumente is in die Nataliese argief.
20. Kruger, D. W.: *Z.A.R. Lyste van Landrostes en Delwerye*, 1932. T. Argief.
21. Lydenburgse Eeuwesgedenkboek, 1850 — 1950. Uitgegee deur die Munisipaliteit Lydenburg. 1950.
22. „Notule van die Volksraad van die Z.A.R. (1859 — 1863)”, dl. IV. T. Argief.
23. Oorlewinge:
  - (a) „Republiek Utrecht” — 'n getikte dokument wat die mededeling bevat van een Christiaan Laffnie en wat in die besit van mnrr. L. J. Spies is. Lg. is 'n kleinseun van A. T. Spies, een van drie stigtersvennote van Utrecht.
  - (b) 'n Dokument wat 'n vertelling bevat van die tweede van die driemanskop wat die Utrechtse gebied van 'Mpanda gekoop het, t.w. Cornelis (Oom Dik Cornelis) J. van Rooyen. Soos oorvertel en neergeskryf deur mnrr. Jan Klopper, seun van die derde stigtersvenoot, nl. Johannes Christiaan Klopper. Hierdie stuk was in die besit van die bejaarde tant Martha Maritz ('n kleinkind van Oom Dik Cornelis) wat nog in Utrecht woonagtig is.
  - (c) 'n Mededeling van meel. Lettie Uys van Utrecht wat in 1909 in die Neethlingshofskool onderwyss gegee het. Sy is die dogter van wyle Wessel Uys, seun van mnrr. P. L. Uys in die omgang toe ook bekend as Piet Balelesberg. Later is soms na Piet Balelesberg ook verwys as Piet Poedingkop omdat hy nabij Poedingkop gebly het. Genoemde Neethlingshofskool was, volgens mnrr. A. G. du Toit, 'n C.N.O.-skool, alhoewel sommige van die huidige mense dit bestry en as Kerkskool beskryf.
  - (d) Volgens korrespondensie van oorlede mnrr. A. G. du Toit in skr. se besit. Mnrr. Du Toit was in lewe lid van die Historiese Monumentekommissie en laaste hoof van die reeds genoemde Neethlingshofskool (in 1909).
  - (e) Mnrr. L. J. Spies in „Die Transvaler” van 11/10/1954 en in „Die Vaderland” van 13/10/1954.
  - (f) Mnrr. A. T. Spies (sen.), broer van mnrr. L. J. Spies, in „Die Vaderland” van 23/11/1954.
  - (g) Mnrr. Johs. C. Vermaak (van Drie Riviere) in „Die Transvaler” van 1/11/1954.
24. „Origineel Tractaat met Panda, d.d. 8 September 1854”. 'n Foto-afdruk van hierdie oorspronklike ruilkooptransaksie tussen die driemanskop en 'Mpanda verskyn in bygaande artikel.
25. Staatsalmanak der Z.A.R. voor Schrikkeljaar 1896. Z.A.R. 185.
26. Staatsalmanak der Z.A.R. voor Schrikkeljaar 1897. Z.A.R. 186.
27. Staatsalmanak der Z.A.R. voor Schrikkeljaar 1898. Z.A.R. 187.
28. Staatsalmanak der Z.A.R. voor Schrikkeljaar 1899. Z.A.R. 188.
29. Suid-Afrikaanse argiefstukke: Transvala nr. 3. VR-notule (1854 — 1858), dl. III.
30. Twentieth Century Impressions of Natal. Lloyd's Greater Britain Co., 1906.
31. Van Rooyen, G. H.: *Kultuurkasse uit die Voortrekkerdyperk*, dl. II. Nasionale Pers, Kaapstad. 1940.
32. Z.A.R. Kommissie in sake Buffelsrivier: Notule van vergadering, 1859. (Vanaf oorspronklike oorgestik en in die T. Argief.)

DANKBETUIGING AAN MNR. EN MEV. W. A. CRUYWAGEN

Tydens die jaarvergadering van die Transvaliese afdeling van die Historiese Genootskap is 'n besondere woord van dank gerig tot mnrr. en mev. W. A. Cruywagen wat die Historiese Genootskap die afgelope jare onbaatsugtig gedien het as penningmeester en hulpenningmeester. Dié diens word nou beëindig weens die feit dat mnrr. Cruywagen hom vir die volksraad verkiesbaar gestel het. (Mnrr. Cruywagen is intussen as volksraadslid vir Germiston gekies en die beste wense van die Genootskap vergesel hom op sy nuwe loopbaan.)